



Praktykresultate bevestig hoë vrugbaarheid in Merinokuddes

Hendrik van Pletzen (Voermol) en Johan Greyling (Universiteit van die Vrystaat)

Die verbetering en ontwikkeling van die Merino oor die afgelope tyd is by geleentheid deur Prof Gert Erasmus, afgetrede professor aan die Universiteit van die Vrystaat, beskryf as feitlik 'n genetiese wonderwerk. Die hedendaagse Merino is 'n hoogs doeltreffende en produktiewe skaapras en resultate uit die Nasionale Skaapboer van die Jaar kompetisie bewys inderdaad dat die Merino 'n hoogs aangepaste en vrugbare ras is.

Die Nasionale Skaapboer van die Jaar is 'n gesogte kompetisie wat oop is vir deelname deur enige skaapboer in Suid-Afrika. In die evaluering van skaapboere, is reproduksiedoeltreffendheid met speenpersentasie as barometer een van die belangrikste maatstawwe om die produktiwiteit van skaapboerdery te meet – veral ten opsigte van die hoeveelheid vleis en wol geproduseer per hektaar. In die beoordeling van die Nasionale Skaapboer van die Jaar word daar baie gefokus op vrugbaarheid, hulpbronbenutting, langtermyn teeldeelwitte, seleksiemetodes en winsgewendheid. Vrugbaarheid word gesien as 'n aanduiding van 'n aangepaste dier (dier wat aanvaarbaar produseer). Speenpersentasie, d.w.s. die hoeveelheid nageslag gespeen per hoeveelheid ooië wat gepaar is, is een van die metodes om o.a. vrugbaarheid te meet. Hierdie norm weerspieël ook heelwat van die skaapboer se volhoubare bestuursvernuif en kundigheid. Die doel van hierdie kompetisie is om Suid-Afrika se doeltreffendste skaapboere te identifiseer, te beloon en bewus te maak van bestuurspraktyke.

Die kompetisie het reeds vir vier jaar plaasgevind en oor die vier jaar het 78 skaapboere, wat wyd verspreid oor SA boer, aan die kompetisie deelgeneem. In totaal verteenwoordig die inskrywings 126 374 ooië van verskeie skaaprasse en die gemiddelde speenpersentasie van hierdie ooië is 118.9%. Die uitstaande hoë speenpersentasie van bykans 120% van hierdie groep top skaapboere, weerspieël die bestuursvernuif van die Suid-Afrikaanse skaapboer. Elke jaar word drie finaliste aangewys waaruit 'n finale wenner gekies word. By elk van die kompetisies was 'n Merinoboer een van die finaliste. Die resultate van hierdie finaliste is kortliks soos volg:

- Die Van As Broers (Edms) Bpk van Kinko, Swellendam was in 2004 een van die finaliste. Hulle slaag daarin om met hul Merino's in die hoogs bestuursintensiewe lamstelsel van drie lamseisoene in twee jaar, gemiddeld 142% lammers per jaar te speen. Hul wetenskaplike benadering tot teling het aanleiding gegee tot die gebruik van BLUP teelwaardes sedert Januarie 2001. Hul teelbeleid is om

funksionele Merino's, wat optimale ekonomiese produksie moontlik maak, vir hul omgewing te teel.

- Mnr JH (Tink) Strydom van Hartebeesfontein, Barkly-Oos was in 2006 en 2007 een van die finaliste. Mnr Strydom boer in 'n bergagtige omgewing onder ekstreme klimaatstoestande waar swaar sneeuvalle die reël en nie die uitsondering is nie. Met 'n uitsonderlike kort teelseisoen van 21 dae, word 'n konsepsiesyfer van 94.3% en 'n speenpersentasie van 122.8% behaal. Alle ooië wat oorslaan word uitgeskot en 'n verdere 8-10% ooië word jaarliks op grond van ooi-produktiwiteitsrekords geprul. Hy gebruik BLUP om seleksie vir produksie-eienskappe te verbeter en skeer gemiddeld 5 kg wol per skaap met 'n gemiddelde veseldikte van 20.3 mikron en 'n skoonopbrengs van 67%.

- Mnr Ben Brynard van Klawervlei, Calvinia was die algehele wenner in 2005. Die verbetering van ooië se produktiwiteit in terme van kg lamvleis geproduseer per ooi is die belangrikste teeldeelwit van Mnr Brynard. Hy gebruik inligting uit die Merinoplan en BLUP-teelwaardes om akkuraatheid van seleksie te verhoog en teeltvordering te versnel. Uitstaande produksie word in hierdie kudde behaal wat bewys dat die moderne Merino hoogs vrugbaar is en oor 'n baie hoë vleisproduksiepotensiaal beskik. Die speenpersentasie is konstant bo 150% oor die afgelope vier jaar. In die 2005 produksiejaar was die speenpersentasie 155% met slegs een lamgeleentheid per ooi per jaar. Om bestuur te vergemaklik, lam ooië net eenkeer per jaar en nie driemaal in twee jaar nie. 'n Groot hoeveelheid van die ooië lam meerlinge en die fekunditeit, d.w.s. lammers gebore as persentasie van ooië gelam, was 163% in die 2005 jaar. Mnr Brynard het 'n unieke doeltreffendheidsmaatstaf wat kuddeproduktiwiteit meet naamlik, kg vleis en kg skoonwol bemark per ooi gepaar. Die totale produksie-uitset van die ooië per jaar, d.w.s. totale kg karkas en totale kg skoonwol bemark word verdeel deur die getal ooië gepaar. In die jaar van beoordeling, het hy 28.6 kg vleis (karkas) en 7.8 kg skoonwol per ooi gepaar,

bemark. Hy skeer elke ses maande en die gemiddelde veseldikte van sy skeersel is 20.4 mikron in die jaar van beoordeling. Gedetailleerde rekords van alle produksie- en ekonomiese insette word gehou.

Wat insiggewend is, is dat al drie finaliste deelneem aan die Merinoplan van Merino SA®. Hulle gebruik dus inligting uit die stelsel om te selekteer vir meer produktiewe en doeltreffende skape. Op kuddevlak is dit die kilogramme wat tel en dit is presies waar inligting uit die Merinoplan help om die winsgewendheid van skaapboerdery te verbeter.



Die van As Broers het 142% lammers gespeen in die jaar van beoordeling. Links is Mnr Johan van As saam met Prof Johan Greyling (UV)



Mnr Tink Strydom speen konstant bo 120% onder ekstreme klimaatsomstandighede. Van links na regs is mnr Peter Dormehl (Voermol), Strydom en Prof Johan Greyling (UV)



Mnr Ben Brynard speen konstant bo 150% lammers met een lamgeleentheid per ooi per jaar. Links is Mnr Brynard saam met Prof Johan Greyling (UV)